# I.M.S

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
2 AUG 1961
STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

No. 34. STELLENBOSCH, September 1948.

## INFORMASIE AANGAANDE DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH.

1. MUNISIPALE VERKIESING.

Op 6 September 1948 het die jaarlikse munisipale verkiesing plaasgevind. Aangesien die Stadsraad uit 12 lede bestaan, moet daar jaarliks vier aftree. Die vier wat vanjaar moes aftree, was mnr. A.H. Bosman, dr. H.P. Cruse, mnr. Louis Hofmeyr en mnr. C.F. Smit. Al vier die aftredende lede is weer genomineer en behalwe hulle ook prof. O.S.H. Reinecke en prof. D.L. Scholtz. By die verkiesing het die vier aftredende lede die meerderheid van die uitgebragte stemme verwerf en is toe deur di kiesbeampte, mnr. W.A. Krige, as behoorlik verkose verklaar.

2. NUWE BURGEMEESTER EN ONDERBURGEMEESTER.

Die Stadsraad het op 13 September 1948 vergader en by die geleentheid is die vorige Onderburgemeester, mnr. Louis Hofmeyr, tot Burgemeester benoem. Mnr. C.F. Smit is benoem tot Onderburgemeester. Albei here dien al lank op die Raad en is deeglik vertroud met munisipale aangeleenthede. Mnr. Hofmeyr was al tevore Burgemeester en wel toe die Stadsaal ingewy is, en op die oomblik dien hy ook op die Uitvoerende Komitee van die Munisipale Vereniging van Kaapland.

3. KOMITEES VAN DIE STADSRAAD EN VERTEENWOORDIGERS OP ANDER LIGGAME.

Hieronder volg die name van die Raadslede wat op Komitees van die Raad dien of wat die Raad verteen-

woordig op ander liggame:-

KOMITEE VAN FINANSIES:

Sy Edelagb. die Burgemeester (rdsl. Louis Hofmeyr) Voorsitter

Rdsl. dr. P.J.S. de Wet
Rdsl. dr. J.C. de Wet
Rdsl. W.A. Krige
Rdsl. C.F. Smit
Rdsl. G.P. Blake
Rdsl. A.H. Bosman

PUBLIEKE GESONDHEIDSKOMITEE:

Rdsl. dr. P.J.S. de Wet (Voorsitter)
Rdsl. P.J. Roos, L.V.
Rdsl. Dr. M.A. Diemont
Rdsl. mev. S. Pienaar
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr) - ex officio.

PUBLIEKE WERKE KOMITEE:

Rdsl. C.F. Smit (Voorsitter)
Rdsl. A.H. Bosman
Rdsl. G.P. Blake
Rdsl. P.J. Mohr
Rdsl. W.A. Krige
Sy Edelagb. die Burgemeester (rdsl. Louis Hofmeyr) - ex officio.

BEHUISINGS- EN NATURELLE-ADMINISTRASIEKOMITEE:

Rdsl. dr. H.P. Cruse (Voorsitter)
Rdsl. W.A. Krige
Rdsl. G.P. Blake
Rdsl. P.J. Roos, L.V.
Rdsl. mev. S. Pienaar
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr) - ex officio.

GESAMENTLIKE AANSTEEKLIKE SIEKTES HOSPITAALKOMITEE:

Rdsl. dr. H.P. Cruse
Rdsl. dr. M.A. Diemont
Rdsl. mev. S. Pienaar as secundus vir Dr. Diemont.

STAFKOMITEE:

Rdsl. dr. J.C. de Wet (Voorsitter) Rdsl. C.F. Smit
Rdsl. A.H. Bosman Rdsl. P.J. Mohr
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr)-
ex officio.

VERKEERSKOMITEE:

Rdsl. A.H. Bosman (Voorsitter)
Rdsl. P.J. Mohr
Rdsl. dr. J.C. de Wet
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr) -
ex officio.

LANDE-, PARKE- EN BOSBOUKOMITEE:

Rdsl. W.A. Krige (Voorsitter)
Rdsl. G.P. Blake
Rdsl. dr. P.J.S. de Wet
Rdsl. A.H. Bosman
Sy Edelagb. die Burgemeester (rdsl. Louis Hofmeyr) -
ex officio.

ELEKTRISITEITSKOMITEE:

Rdsl. G.P. Blake (Voorsitter)
Rdsl. P.J. Mohr
Rdsl. W.A. Krige
Rdsl. dr. J.C. de Wet
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr) -
ex officio.

KOMITEE VIR KUNSGALERY EN MUSEUM:

Rdsl. dr. H.P. Cruse (Voorsitter)
Rdsl. C.F. Smit
Rdsl. P.J. Roos, L.V.
Rdsl. dr. M.A. Diemont
Sy Edelagb. die Burgemeester (Rdsl. Louis Hofmeyr) -
ex officio.

NATURELLE ADVISERENDE RAAD:

Rdsl. dr. H.P. Cruse
Mnr. H.D.R. Blok

VERTEENWOORDIGERS OP SEKERE LIGGAME EN KOMITEES:

| | |
|---|---|
| Federale Hulpraad: | Rdsl. mev. S. Pienaar |
| Universiteitsraad: | Die diensdoende Burgemeester (vir 1948/1949 Rdsl. L. Hofmeyr) |
| Skoolraad: | Rdsl. P.J. Roos |
| Bibliotcekkomitee: | Rdsl. dr. J.C. de Wet |
| Kaapse Tegniese Kollege | Rdsl. P.J. Roos, L.V. |
| Teringbestrydingskomitee: | Rdsl. dr. M.A. Diemont |
| Komitee vir Bestryding van Veld- en Bosbrande: | Rdsl. G.P. Blake |
| Hottentots-Holland Hospitaalkomitee: | Rdsl. P.J. Mohr |

4. TWEE NUWE KOMITEES.

Die ou Komitee vir Publieke Gesondheid en Elektrisiteit het 'n verandering ondergaan. Gesondheid en Elektrisiteit kry voortaan afsonderlike komitees. Die verwagting is dat daar heelwat te doen sal wees i.v.m. elektrisiteit en dat dit om die rede verstandiger sal wees om 'n aantal raadslede aan te wys wat hulle spesiaal met die saak sal besig hou. Tariewe word o.a. hersien en heelwat vernuwings en uitbreidings moet aangebring word. Die Komitee vir Elektrisiteit is dus die een nuwe komitee.

Die ander nuwe komitee is die komitee vir die Kunsgalery en Museum. Die Stadsraad het die gewysigde skenkingsakte van lady Phillimore ontvang en ook die plan vir die veranderings wat aangebring moet word by Grosvenorhuis om die skilderys te

huisves. Op die vergadering van die Raad op 13 September is die skenking aanvaar en die wysigende bouplan is goedgekeur. Aan 'n Komitee is dit nou opgedra om die hele saak verder te behartig.

5. DIE PHILLIMORE-GESKENK.

Die lang onderhandelings met lady Phillimore is, sover dit die Raad aangaan, nou feitlik beëindig. Tevore is kennis geneem van haar voorgenome skenking en die publiek is gevra om 'n lening vir die aankoop van Grosvenorhuis goed te keur. Die versoek is ook inderdaad toegestaan. Mettertyd is die voorlopige skenkingsakte ontvang van die Firma Syfret wat namens lady Phillimore optree. Op enkele punte het die Raad gevoel dat hulle meer informasie moes hê. Tydens die besoek van dr. Cruse aan Engeland in Julie kon hy 'n besoek bring aan die landgoed van lady Phillimore en sake met haar bespreek.

Volgens die skenkingsakte word haar skilderye die eiendom van die Stadsraad van Stellenbosch. Die Raad moet egter onderneem om die skilderye as 'n entiteit te bewaar. Vier trustees word benoem om toesig te hou oor die versameling en hulle het die reg om te besluit waar die skilderye gehang moet word. Ingeval stukke beskadig raak en ander aangekoop word met die assuransiegeld of uit ander fondse, dan tree die trustees op. Die vier trustees is die diensdoende Burgemeester van Stellenbosch, die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, lady Phillimore self en haar seun, mnr. Claude Phillimore.

Net soos die Koopmans-De Wet-museum die naam van sy skenker dra, sal Grosvenorhuis voortaan bekend wees as Phillimorehuis. Die veranderings wat aangebring word om die skilderye te huisves raak natuurlik nie die argitektuur van die beroemde ou woning nie. Mnr. Phillimore is 'n argitek en is besonder begerig om die oue

te handhaaf. Daar moet egter gesorg word vir hortjies, vir 'n geriefliker trap, vir meer lig en vir geriewe vir die publiek wat die galery besoek. Vir lady Phillimore se gebruik word ook enkele veranderings aangebring.

En wat nou van kunsskatte op Stellenbosch? Wat van ons ou meubels, ou kostuums, ou historiese voorwerpe? Die skenkingsakte bepaal dat ander voorwerpe soos die genoemdes, ook in Phillimorehuis opgeneem kan word met toestemming van die trustees. Dit mag egter verstandiger wees om 'n aparte versameling op te bou en in aparte kamers of vertrekke te huisves. In die groot kunsgalerye oorsee word kunsvoorwerpe wat tot verskillende volkere of periodes behoort, tog ook gewoonlik apart onder dak gebring. Dit mag dus beste wees om die Afrikaanse voorwerpe nie by die Phillimore-versameling te plaas nie. In daardie geval sal die trustees dan nie met die saak gemoeid wees nie, wel die komitee van die Stadsraad.

6. STRAATKONSTRUKSIEKOSTE NOGEENS.

Straatkonstruksie is en bly 'n lastige vraagstuk. Hoe ontstaan die probleem? 'n Grondeienaar maak 'n onderverdeling van sy grond en verkoop 'n vyftigtal erwe. Die nuwe erfhouers wil dadelik weet wanneer hulle strate opgemaak gaan word en wat dit gaan kos. Die Ordonnansie lê in so 'n geval neer dat aangrensende eienaars al die straatkonstruksiekoste moet betaal en helfte van die koste van die sypaadjies. Die volgende vraag van die eienaar is dan wat sy prorata-deel is en as die bedrag hoog is, wil hy weet of die stadsingenieur dan nie 'n goedkoper konstruksie kan toepas nie. En die erfhouer wat op 'n hoek woon, wil weet of dit billik is dat hy dubbel moet betaal. Aanleiding tot die vraag is: 'n Grondeienaar het 'n stuk grond naby die dorp wat hy wil onderverdeel. Hy moet grond gee vir skoolgebruik, vir ontspanning, vir

strate, maar hy weet nie watter koste verbonde gaan wees aan die opmaak van die strate nie. As hy wis wat die strate gaan kos, sou hy miskien makliker grond of erwe van die hand kan sit. Hoe ontstaan die vraag? 'n Liggaam, sê die Universiteit, wil 40 erwe van die Stadsraad koop vir 'n private behuisingskema. Die Stadsraad stel die prys van die erwe vas, maar ook hier maak dit baie saak wat die opmaak van daardie strate gaan beloop. Wanneer die Stadsraad self aan indiwidue erwe verkoop, wil die kopers weet wat hulle strate hul gaan kos. Dit maak nie saak van wie 'n erfhouer grond koop nie, hy wil weet hoeveel hy moet betaal.

Indien die prys vir elke erf afsonderlik uitgewerk moet word, is daar 'n mate van twyfel en onsekerheid. Daarom het die Stadsraad op sy vergadering van 13 September besluit om 'n ronde syfer aan te gee sodat die onsekerheid uit die weg geruim kan word. Die prys wat vasgestel is, is £80 per erf. Hierdie bedrag is 'n gemiddelde bedrag wat min of meer voldoen aan die eise van die Ordonnansie teen heersende pryse. Dis ook die syfer wat die Raad tevore vasgestel het vir die strate in Onder-Papegaaiberg. Toe die Raad die straatkonstruksie op £80 per erf vasgestel het, het dit as voorbehoud vasgestel dat die grond wat onderverdeel word, taamlik gelyk moet lê en nie vol gate en slote moet wees nie.

Die bedoeling is dan dat die £80 moet geld vir die straatkonstruksiekoste in Krigeville, vir strate in onderverdelings wat nog mag goedgekeur word, vir grond wat die Stadsraad self in die mark bring, en wat dit aan indiwidue of aan 'n liggaam verkoop.

Dis reeds verduidelik dat iemand wat onderverdeel - dus ook die Stadsraad - grond moet afgee vir skole, vir ontspanningsdoeleindes en vir strate. Wanneer daar nie 'n skoolterrein gegee word nie, ontvang die Provinsie 'n persentasie op die verkoop van die erwe.

Die Provinsie baat dus by 'n onderverdeling en in Transvaal baat 'n Munisipaliteit ook by 'n onderverdeling. Daar kry die plaaslike owerheid ook 'n deel of persentasie van die verkoopsprys van die erwe. Ons verstaan dat in Kaapland 'n Ordonnansie wat die aandeel van plaaslike owerhede sal vasstel, ook ingedien gaan word. Dit wil ons voorkom dat 'n dergelike Ordonnansie baie gewens is, en plaaslike owerhede geldelik sal help, maar tog nie die straatkonstruksieprobleem sal vergemaklik nie. Al baat die plaaslike bestuur by 'n onderverdeling, dan moet die strate nog opgemaak word en dan moet aangrensende eienaars nog 'n deel van die koste dra.

Indien 'n basiese bedrag, sê £80, vasgestel word, kan baie haarklowery vermy word en weet kopers van grond in nuwe onderverdelings watter addisionele koste naas die prys van hulle erwe, hulle te wagte is.

7. BLOMMESKOU.

I.M.S. is gevra om die publiek daarop attent te maak dat die jaarlikse lente-blommeskou gehou word in die Stadsaal op 15 en 16 Oktober. Verlede jaar se tentoonstelling was 'n besonder groot sukses. Laat ons die kerf vanjaar nog 'n entjie hoër opskuif. Die Stadsraad het sowat 20 nuwe tafels laat maak om die blomme-liefhebbers tegemoet te kom. Ondersteun u skou!

8. BYDRAE TOT UNAC.

Sy Edelagb. die Burgemeester wens met dank 'n bydrae van £2 tot hierdie fonds te erken. Dit is aan die Tesourier van die plaaslike Organisasie oorhandig.